


Hoe gaan die skape ooit gewillig gehoorsaam wees aan God se wet?

[Nuwe Verbond – Jeremia 31:31-34, Esegïel 36:26-27]

In die reeks artikels oor God se verbonde het ons gesien God se ideaal is dat Hy geëer word deur baie mense wat gewillig sy opdragte uitvoer. In die Abrahamverbond het God belofte om aan Abraham 'n groot nageslag te gee. Dit het reeds begin realiseer in die lewe van die volk Israel, en ons het ook gesien dat dit verder uitbrei deur die Nuwe Testamentiese opdrag om die evangelie na alle volke, tale en nasies te neem. In die Sinaiverbond het ons gesien dat God geëer word deurdat verlore mense nougeset volgens sy wet leef. In die artikel [“Hoe behoort die lewe van 'n skaap te lyk?”](#) het ons egter met kommer opgemerk dat alhoewel die Ou Testamentiese volk die wet van God gehad het, hulle dit gereeld oortree het, tot so 'n mate dat God hulle op die ou end in ballingskap laat wegvoer het. Daar is dus steeds iets wat kort vir God se ideaal om te realiseer. Hoe gaan God dit aanspreek?



Tydens die ballingskap van die volk, stuur die Here die profeet Jeremia na die volk in Babel met die belofte dat Hy hulle na 70 jaar uit ballingskap sal terugbring na die beloofde land. In Jeremia 31:31-34 gee God die belofte dat daar 'n tyd kom dat Hy met Israel en Juda 'n nuwe verbond gaan sluit. Hierdie nuwe verbond gaan anders wees as die verbond wat die Here met die volk gesluit het toe Hy hulle uit Egipte laat trek het, d.w.s. die nuwe verbond sal 'n impak op die Sinaiverbond hê. Dit is belangrik om raak te sien dat die ander verbonde (Aanvangsverbond, Noagverbond, Abrahamverbond en Dawidverbond) nie geraak word deur hierdie nuwe verbond nie – hulle inhoud staan steeds.

Vers 32 verduidelik wat die probleem met die ou (Sinai)verbond was: die volk kon nie die vereistes van dié verbond nakom nie - al was die Here steeds getrou aan Sy eie beloftes (soos wat dit in die ander verbonde saamgevat is). God maak in die nuwe verbond bekend hoe Hy sy volk by die punt gaan bring waar hulle Hom wil, kan en sal gehoorsaam. M.a.w., dit is nie 'n nuwe verbond in die sin dat God 'n streep deur Sy vorige verbonde trek nie. Hy gaan steeds voort met daardie verbonde, maar wat nuut bygevoeg word is hoe dit in die praktyk gaan realiseer dat sy volk (dit is die skape) aan die vereistes van die die wet kan voldoen.

Jeremia 31:33-34 gee die fokus van die nuwe verbond as volg: God sal Sy wet op hulle harte skryf en in hulle gedagtes vaslê. Dit beteken dat die mense van die nuwe verbond harte sal hê wat die wet van die Here ken en soek. Hierdie onverdeelde harte sal gevul wees met die begeerte om die Here te dien, en sal nie voortdurend daaraan herinner hoef te word nie. Dit is in skille kontras met die wet wat by Sinai op kliptafels gegee is (Eksodus 32:15-16).

Daar was die wet ekstern. In die nuwe verbond is dit egter intern op gelowiges se harte geskryf. Ons moet egter verstaan God se verwagting het nie verander nie: Selfs in die ou verbond wou God hê dat hulle hom van harte moes dien - lees maar byvoorbeeld Deuteronomium 10:12. Die verskil tussen die ou en nuwe verbond is dat God dit in die nuwe verbond moontlik gaan maak deurdat Hy die wet op hulle harte gaan skryf.

Maar presies hoe gaan dit realiseer dat die gelowige skape nuwe onverdeelde harte gaan ontvang waarop die wet van die Here geskryf is? Lees Esegïel 36:26-27. Hier verduidelik Esegïel dat God sy Heilige Gees sal stuur wat 'n hartoorplanting in die gelowige skape sal bewerkstellig – die kliphart sal uitgehaal word en vervang word met 'n hart van vleis. Op hierdie hart sal die wet van God geskryf wees, en in hierdie hart sal die Heilige Gees woon wat sal maak dat die skape volgens God se voorskrifte leef en sy bepalings gehoorsaam en nakom. Hierdie hartoorplanting word in die Nuwe Testament wedergeboorte genoem. In Johannes 3:1-8 verduidelik Jesus aan Nikodemus dat 'n wedergebore hart 'n voorvereiste is om deel van die koninkryk van God te word. Die Heilige Gees werk die wedergeboorte. Dit is natuurlik hoekom die Heilige Gees op pinksterdag kort na Jesus se hemelvaart uitgestort is.

Met die uitstorting van die Heilige Gees (Handelinge 2), lewer Petrus 'n hartroerende toespraak waarin hy verduidelik:

- Jesus is die Christus, oftewel Verlosser. Hy is dus die Een wat volgens die Aanvangsverbond sou kom om die kop van die slang te vermorsel.
- Jesus is ook die plaasvervangende Verlosser – soos wat God destyds in die Abrahamverbond gedemonstreer het toe die ram in Isak se plek geoffer is.
- Jesus is ook die een uit die geslag van Dawid wat aan God se regterhand sit as Ewige Koning – in lyn met God se belofte in die Dawidverbond.
- En boonop is die Heilige Gees ook nou uitgestort wat wedergeboorte in skape se harte werk sodat hulle in Jesus kan glo as hulle Verlosser, en God se wet wat op hulle nuwe harte geskryf is, sal gehoorsaam – soos wat God belooft het in die Nuwe Verbond.

As illustrasie van die effektiwiteit van hierdie genadeverbond wat God sistematies opgebou het sedert die sondeval in Genesis 3, kom 3000 mense op daardie dag tot bekering – en lê hulle heelhartig toe op gehoorsaamheid aan God.

Sedertdien kring die kerk wyer en wyer uit – na alle tale, volke en nasies regoor die wêreld. Die getal skape, d.w.s. mense wat God eer deur gewillig volgens sy voorskrifte te lewe, word al meer. Deur die werk van die Heilige Gees groei hulle voortdurend in gehoorsaamheid. God se ideaal is besig om te verwesenlik!

Die vraag is: Is jy ook een van hierdie skape?

Moet nie die Noagverbond vergeet nie: God se oordeel kom. Dan gaan die skape van die bokke geskei word.